Gebed vir die week

Daar was 'n tyd, o God,
toe ek na aan U was;
toe my geloof sin gemaak het;
toe ek gereeld in die kerk gekom het;
toe ek hartlik met ander gelowiges saam kon wees.
Toe was sekerheid oor U nie eens 'n vraag nie.
Maar nou het ek in diep twyfel geval.
Waar ek eers gedink het
ek kan dalk sonder U
en "georganiseerde godsdiens" klaarkom
– sterk en op my eie aangewese –
besef ek nou ek kan nie.
Maar ek kan ook nie sommer
na U toe terugkeer nie,
want diep binne-in my
weet ek nie meer soos vroeër nie.
Nou is ek vasgevang tussen weet en nie-weet-nie;
tussen glo en nie-glo-nie;
tussen sekerheid en twyfel.
Dit maak my gek!
Ek draai dus na U toe sonder vaste grond:
U is my rots.
Ek draai na U toe sonder geloof:
U is my vertroue.
Ek draai na U toe sonder selfgenoegsaamheid:
U is my Helper.
En ek vermoed dat U mense soos ek steeds liefhet.
U los ons nie uit nie.
U kyk met deernis hoe ons stry met die lewe en met U.
Ek weet as ek twyfel en nie weet nie:

U is my God.

– Piet Naudé